Publication: Sake (Rapport)
Date: 29 May 2016
Page: 4

# Pasop vir KWB in huwelike met aanwasbedeling

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Vandag kyk ons na huwelike met die aanwasbedeling en 'n potensiële slaggat met kapitaalwinsbelasting (KWB) by die ontbinding van die huwelik, hetsy deur 'n egskeiding of by die dood.

Die aanwasbedeling is in 1984 in ons huwelikswetgewing ingebring en is bedoel om gelykheid tussen gades te bewerkstellig. Dit kom bloot daarop neer dat twee persone buite gemeenskap van goed trou en dat elkeen dan afsonderlik aan sy of haar eie boedel werk.

By die ontbinding van die huwelik sal die party met die kleinste boedel 'n eis hê vir die helfte van die verskil tussen die twee boedels.

Die aanwaseis hoef nie in kontant vereffen te word nie. Dit kan ook vaste eiendom wees, of 'n aandeleportefeulje. Dit gaan oor die waarde van die aanwas wat vereffen moet word, nie die bates wat oorgedra word nie.

Nou eers iets oor KWB. Dié belasting kom ter sprake wanneer 'n kapitaalbate (soos vaste eiendom of aandele) vervreem word. Dan word belasting gehef op die "wins" deur die basiskoste (byvoorbeeld die aankoopprys) plus vrystellings af te trek van die opbrengs (die markwaarde by vervreemding).

Belasting is dan betaalbaar op die ingeslote koers (40% vir individue) teen 'n persoon se marginale koers (ons gebruik hier die maksimum van 41%).

Die wet sê die oormaak van 'n bate aan 'n gade is vrygestel van die onmiddellike KWB-verpligting. Wat gebeur, is dat die gade wat die bate oorneem, dit oorneem teen die basiskoste wat dit gehad het toe die ander party dit bekom het.

Byvoorbeeld, ek het die strandhuis vir R1 miljoen gekoop en die waarde het tot R3 miljoen toegeneem toe ek dit aan my vrou skenk of oordra.

In 'n normale verkoopstransaksie sou die koper dit kry teen 'n basiskoste van R3 miljoen en ek sou die KWB betaal het. Nie in dié geval nie. Die aanvanklike basiskoste word "oorgedra" na die gade. Gevolglik is haar basiskoste R1 miljoen.

Kom ons sê nou die vrou se aanwaseis beloop R3 miljoen. Sy kan kies of sy dit in kontant wil hê en of sy die strandhuis van R3 miljoen wil hê. Die strandhuis is 'n goeie belegging, meen sy, en besluit daarop. Deur die strandhuis te kies, het sy haarself benadeel, want weens die "oordra" van die basiskoste het sy 'n groter KWB-verpligting daarmee saam oorgeneem. Haar wins wanneer sy die strandhuis verkoop, of as sy sterf, word van 'n laer basiskoste (R1 miljoen) af bereken.

Eintlik kry sy dus vir haar aanwaseis van R3 miljoen min die belasting net R2 672 000 (R2 000 000 x 40% x 41% = R328 000). Die man het bloot sy KWB-verpligting saam met die delging van die aanwaseis aan haar oorgedra. Dieselfde geld by die dood waar die aanwas ter sprake is.

■ *Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac. com; Twitter: @Nicovangijsen*

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission